

## 15 Julie

## Psalm 56

(Teks: 56:12 en 14) Vertrou op God onder alle omstandighede

Dit is so maklik om in die tye waarin ons leef pessimisties te raak, te voel asof sake totaal handuit ruk in die lewe. As ons ook nog met persoonlike probleme, huweliksprobleme of gesinsprobleme sit, raak dit net nog makliker om te voel dat alles buite beheer raak. Hierdie Psalm vertroos ons dat ons vertrou op God en sy beloftes alle vrees verdryf.

Dawid is 'n gevangene van die Filistyne in Gat (vergelyk 1 Sam 21). Hy is alreeds as koning gesalf oor Israel, maar hy word verskriklik vervolgd deur Saul wat hom wil doodmaak. Alleen in God vind hy rus en vrede. Hy voel veilig by God, want wat kan 'n mens aan hom doen. Sy omstandighede het nie verander nie, maar as hy na God kyk, dan vind hy rus.

Dit is heerlike Godsvertroue: Ek kan onder alle omstandighede op God vertrou, in vervolging, in nood, in teëslae, in beproewings. Nog heerliker as ons beseft dat Jesus en die Vader die Heilige Gees stuur om ons na binne en buite te bewaar en ons te laat leef uit vertrou op God. Die Heilige Gees oortuig ons dat God by ons is, dat God ook ons stamelende gebede verhoor, wanneer ons in tye van nood en beproewing nie weet wat om te bid nie.

Dit is vir ons 'n heerlike blye boodskap. Christus het gekom. God is by ons. Selfs die dood hoef ons nie te vrees nie, want Hy het my sonde betaal. Hy stuur sy Gees om ons nie net te lei in die waarheid in hierdie lewe nie, maar ook om ons voor te berei vir die Bruilof van die Lam.

Dan breek die tyd van volmaaktheid aan: Volmaakte lewe sonder die stryd en hartseer van die lewe, maar ook volmaakte vertrou waarin ons nooit die geringste twyfel oor God se bewaring sal hê nie.

Aan God alleen die eer! Hy red ons, ons kan op Hom vertrou selfs in die donkerste tye van nood en verdrukking. Ons kan naby Hom bly. Wat kan 'n mens aan ons doen? Niks, ja niks kan ons van die liefde van God skei nie.

Sing Psalm 46:1

Ds. P.A. Coetzee (Suidkus)